# Welkom by NG The Reeds

**'n Veilige hawe vir nuwe hoop**

Tema vanoggend:

Gebeur alles regtig vir 'n rede?



# VONKK 277:1

**U is die lig wat deur die donker skyn.**
**U is die een wat duister laat verdwyn.**
**Skyn in ons harte, dryf die donker uit.**
**Skyn in ons lewens tot in ewigheid.**

***Refrein:***

**Jesus Christus, ons glo in U,**
**ons buig voor U neer, buig voor U neer.**
**Jesus Christus, ons God en Heer,**
**ons bring nou aan U die eer.**

**U is oorwinnaar, U’t die dood verslaan.**
**U het as Koning uit die graf gegaan.**
**Breek nou die bande,**
**gooi die boeie neer.**
**Ons is oorwinnaars saam**
**met U, ons Heer.**


*Refrein:*

**Jesus Christus, ons glo in U,**
**ons buig voor U neer, buig voor U neer.**
**Jesus Christus, ons God en Heer,**
**ons bring nou aan U die eer.**

**U is die Bruidegom en ons u Bruid.**
**U nooi ons vir die bruilofsmaaltyd uit.**
**Daar klink ons lof,**
**daar klink ons danklied uit.**
**Ons bly by U tot in die ewigheid.**



# Filippense 1:12-26



12. Ek wil hê julle moet weet, broers, dat wat my oorgekom het, juis die verkondiging van die evangelie bevorder het. 13. Dit het daarop uitgeloop dat die hele keiserlike wag en al die ander nou besef dat dit ter wille van Christus is dat ek 'n gevangene is. 14. Deur my boeie is die meeste broers ook in hulle vertroue op die Here gesterk, en hulle waag dit al hoe meer om die woord van God onbevrees te verkondig.

15. Daar is wel party wat Christus verkondig omdat hulle jaloers op my is en iets teen my het, maar ander doen dit met opregte bedoelings. 16. Laasgenoemdes verkondig Christus omdat hulle my liefhet en weet dat dit my taak is om die evangelie te verdedig;

17. maar eersgenoemdes maak Christus bekend uit selfsugtige en onsuiwere bedoelings. Hulle oogmerk is om die gevangenskap vir my nog swaarder te maak. 18. Maar wat maak dit saak? In elk geval, of dit met bybedoelings is of in opregtheid, op allerhande maniere word Christus bekend gemaak, en daaroor is ek bly. En ek sal my ook verder verbly, 19. want ek weet dat alles op my redding sal uitloop omdat julle vir my bid en die Gees van Jesus Christus my bystaan. 20. Dit is my vurige verlange, en daarna sien ek uit, dat ek niks sal doen waaroor ek my sal hoef te skaam nie. Ek wil ook nou, soos nog altyd, met alle vrymoedigheid deur my hele wese Christus verheerlik in lewe en in sterwe,

21. want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins. 22. As ek in die lewe bly, kan ek voortgaan met vrugbare arbeid. Wat ek moet kies, weet ek nie. 23. Ek is in 'n tweestryd: ek verlang daarna om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste; 24. maar in julle belang is dit noodsaakliker dat ek bly lewe. 25. Omdat ek hiervan oortuig is, weet ek dat ek sal bly, ja, vir julle almal behoue sal bly, sodat julle kan toeneem in geloof, en blydskap in julle geloof kan hê. 26. As ek weer by julle kom, sal julle oorvloedige rede hê om Christus Jesus oor my te prys.




# Wanneer laas was jy in ‘n wagkamer?

# Paulus was ook in ‘n wagkamer

Sy wagkamer was ‘n tronk (Hand. 28)


Wat sou jy gemaak het as jy Paulus was?



Hoe kan die Here dit aan my doen?

In ons lewens beleef ons dikwels sulke situasies.





# Kom ons kyk hoe Paulus dit hanteer

Gebeur alles regtig vir
'n rede?




# Om ons teks te verstaan …




Hy bedank hulle (1:3-11) en
lig hulle in oor sy situasie (1:12-14)

Ons teks (en die hele brief) is sy brief wat hy terugskryf


Sy gevangenskap - nie skadelik nie,
maar bevordering van die evangelie
Hy gee 'n positiewe versekering:


Teenstaanders –
alhoewel met bybedoelings -
verkondig die evangelie
Hy gee ‘n positiewe versekering:


Paulus sien die hand van
die Here in sy lewe
Sien ons nog die hand van die Here
in ons lewens raak?





- die gemente vir hom bid en
- die Gees hom bystaan! (19)

Hoe kry Paulus dit reg?


Bid ons nog vir mekaar en leef ons onder leiding van die HG?



Lewensbeginsel - om Christus te verheerlik
Hoe kry Paulus dit reg?


Paulus kyk dus deur ‘n ander bril
na sy omstandighede
Nie hoekom gebeur dit nie, maar
hoe kan ek God verheerlik
waar ek nou is?


Paulus kyk deur ‘n ander bril
na sy omstandighede
Dit wat gebeur - nie altyd vir ‘n rede nie,
maar dat die Gees sy oog, hart oopmaak
om te sien hoe om God te verheerlik.


Hy kies teen selfsug (wins) vir lewe (Christus)
Paulus kies die lewe!


# Gebeur alles regtig vir ‘n rede?





Wanneer laas was jy in 'n wagkamer?

# Gebeur alles regtig vir ‘n rede?




Gebed

# Lied 488: 1

Helder skyn u lig vir die nasies,

'n vreugdeglans om die mense te verlig

tot die hele wêreld kan sien

U is die lig.

Mag u lig, Heer, deur ons skyn.

L 488:4

Heer, u Woord gee hoop aan die nasies;

'n hartvol hoop om die volke te verbly

tot die hele wêreld kan glo dat U bevry.

Mag U hoop, Heer, deur ons gee.

L 488:5

U is Koning, Heer, oor die aarde.

Die mense vra na u wil om U te eer

Tot die hele wêreld kan juig dat U regeer

Laat u ryk, Heer, in óns kom!

Laat u ryk, Heer, deur óns kom!

Laat u ryk, Heer, oral kom!

# Gebeur alles regtig vir ‘n rede?

